



Verwysing: 20170208-8077
12/2/8/11/2

Navrae: R Larney

Inrigtingsontwikkeling en -koördineringsminuut: 0001/2017

Aan: Direkteure (distrikskantore), Kringbestuurders, Assesseringkoördineerders en Prinsipale van primêre en sekondêre skole

Onderwerp: Skoolbywoning van graad 4- tot 11-leerders gedurende en na die 2017 Junie- en November-eksamen

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement is daartoe verbind om te verseker dat onderrig- en leertyd optimaal benut word. Dit is dus die verantwoordelikheid van elke skool om die onderrigtyd te beskerm en leer vir die volle 197 skooldae per jaar te ondersteun, in ooreenstemming met die Nasionale Leerderbywoningsbeleid.
2. Skool- en distrikskantoorpersoneel word versoek om op die volgende te let:
 - 2.1 Dit is elke skool se verantwoordelikheid om sy skoolprogram vir die tydperk tydens en na die eksamens tot die laaste dag van die skoolkwartaal te beplan en om alle leerders, ouers en distrikskantore dienooreenkomstig in te lig.
 - 2.2 Skole wat graad 10, 11 en 12 aanbied (waar van toepassing) word herinner dat geen eksamens voor **05 Junie 2017** en **13 November 2017** mag plaasvind nie. Skole kan egter by die distriksdirekteur toestemming vra om praktiese eksamens in sekere vakke vroeër te laat begin.
 - 2.3 Skole wat graad 7 tot 9 aanbied, mag nie hul eksamens voor **12 Junie 2017** en **13 November 2017** begin nie.
 - 2.4 Skole wat graad 4 tot 6 aanbied, mag nie hul eksamens voor **13 Junie 2017** en **20 November 2017** begin nie.
 - 2.5 Daar word van alle leerders verwag om minstens vyf uur per dag gedurende die eksamentydperk by die skool te wees. Daarom, as 'n skool om 08:00 begin, kan die skool nie die leerders vroeër as 13:00 laat verdaag nie. Die veiligheid en vervoer van

leerders moet in ag geneem word wanneer die vroeër sluitingstyd gereël word. Dit is dus belangrik dat ouers vooraf ingelig word sodat hulle in staat is om alternatiewe reëlins te tref.

- 2.6 Daar word van alle leerders verwag om skool gedurende die eksamentydperk by te woon, met die uitsondering van graad 12-leerders – wat geregtig sal wees op vyf studiedae voor die aanvang van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen.
- 2.7 Skole mag nie die leerders inlig dat hulle kan besluit of hulle skool wil bywoon nadat die eksamen vir die kwartaal geëindig het of wanneer hulle nie eksamen of toetse skryf nie.
- 2.8 Daar word van alle opvoeders verwag om gedurende die eksamentydperk vir die volle skooldag by die skool te wees (35 uur per week), ongeag of hulle toesighoudende pligte het, of nie.
- 2.9 Op die laaste dag van die skoolkwartaal moet leerders vir minstens drie uur by die skool wees en opvoeders moet vir minstens vyf uur by die skool te wees.
3. Prinsipale word herinner dat hulle hul eksamenroosters minstens vier weke voor die aanvang van die eksamen vir die Kringbestuurder moet stuur. Distriksamptenare sal die implementering van hierdie direktiewe moniteer.
4. Prinsipale en beheerliggame word versoek om spesiale aandag aan die opstel van hul programme tydens eksamentydperke te skenk sodat waardevolle tyd vir onderrig en leer nie verlore gaan nie.

GETEKEN: TS MATSELISO

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: INRIGTINGSONTWIKKELING EN -KOÖRDINERING

DATUM: 2017-02-14